MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 7/2025 **15 Mei 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Nkosi sikelel' iAfrika

Maluphakanyisw' uphondo lwayo
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.
Morena boloka setjhaba sa heso,

O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa, South Afrika, South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes
Waar die kranse antwoord gee.

Sounds the call to come together,
And united we shall stand.
Let us live and strive for freedom,
In South Africa, our land.

SA Volkslied

Ons het verlede week hier by Midstream ons eenheid in diversiteit met ‘n baie suksesvolle taalweek gevier. Die week is Maandagoggend ingelei deur ‘n meertalige saalopening deur leerders en onderwysers. Die twee laerskole en die College was vir die eerste keer saam op die Bondev-pawiljoen vir die eeufeesviering van Afrikaans as amptelike taal. Die meer as 3 000 leerders was ‘n wonderlike gesig. Elke klas het ook ‘n kombers geverf wat vir liefdadigheid geskenk is.

Die volkslied begin ewe gepas met ‘n gebed wat, direk uit Zulu vertaal, God seën Afrika beteken. Midstream College wat hierdie jaar reeds in sy negentiende jaar is, is op die volgende hoekstene gebou: Ons is ‘n Christelike, parallelmedium skool wat trots is op ons unieke leerkultuur en streng dissipline. Vergun my die geleentheid om die oorgrote meerderheid van leerders en ouers wat ons hierin ondersteun, te bedank.

Sterkte aan ons 118 Melodia-lede wat more by die ATKV-Applouskompetisie deelneem. Baie geluk ook aan al die leerders wat die pas afgelope naweek aan die ATKV se redenaarskompetisie deelgeneem het. Ons hou duim was vir positiewe uitslae. Ons revue en toneelgroepe is ook reeds sedert die begin van die jaar aan die gang en ons kan nie wag om hulle op die planke te sien nie.

Op sportgebied bedank ons Bondev, vir die nuwe Astro wat hierdie week vir die eerste keer gebruik word. Adrian van Wyk verdien ’n reuse-Excellentia-toekenning. Hy is tydens die pas afgelope Afrika Junior Swemkampioenskap as die beste manswemmer aangewys. Die wintersport is voluit besig met hulle onderskeie ligas – uitslae is by hierdie nuusbrief aangeheg. Sterkte aan almal met die res van julle ligas en ook aan diegene wat van siekte en beserings herstel. Carpe Diem!

GRAAD 10-VAKKEUSES VIR 2026

Neem asseblief kennis dat vanjaar se graad 9-Junie-eksamenpunte gebruik sal word om u kind se vakkeuses vir graad 10 te bepaal. Die Wiskundepunt is van toepassing op IT, REK, FWT en natuurlik Wiskunde.

DIE DIGITALE DILEMMA

Professor Anke de Beer, ‘n spesialis in digitale verslawing, gaan ‘n praatjie oor hierdie baie aktuele saak lewer. U word uitgenooi om hierdie aanbieding op 28 Mei om 18:30, saam met beide laerskole se ouers, in die Midstream Ridgesaal by te woon. Dit sal op 4 Junie om 18:30 opgevolg word deur ‘n aanbieding wat meer op hoërskoolouers gefokus is. Ons is tans besig om ons selfoonbeleid te hersien, en wil graag u insette tydens daardie gesprek kry.

LOST & FOUND

Lost and Found is van Maandag tot Vrydag van 07:00 tot 08:00 oop en is smiddae gesluit. Navrae oor verlore items moet persoonlik gedoen word, aangesien die vrywilligers nie op navrae via teksboodskappe of WhatsApp reageer nie. Verlore items word slegs vir 1 maand gehou.

Die tweedehandse klerewinkel is Maandag- en Woensdagoggend van 07:00 tot 08:00 oop. Alternatiewe tye vir die middae word weekliks op die WhatsApp-profielfoto 082 520 0478 opgedateer.

AKADEMIE **Klik op die skakel vir Top-3.**

SPORT **Klik op die skakel vir sportuitslae.**

KULTUUR **Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**